Module	**AFK2601**
Author	André P. Brink (red.).
Year of Publication	1984
Title	Groot Verseboek /André P. Brink (red.). Deel 1.
Edition	
Publisher	Tafelberg
Chapter number	
Chapter title	Die gewigopteller / Ernst van Heerden
Page numbers	p. 308



This material has been reproduced in the e-Reserves on behalf of the UNIVERSITY OF SOUTH AFRICA (UNISA)

The material may be subject to copyright under the Copyright Act no. 98 of 1978. Any further reproduction or distribution of this material by you may be a violation of the Copyright Act.

A single copy (printed or electronic) of the material may be kept for academic use only.

PAPEGAAI

Die oerwoud broei hier in 'n kou
en keerkring-kruine word klein skoppelmaai,
voorwêreldlike snawel
byt die stang
en knabbel aan die noodlotsdraad;
(hoe sou die bose oog
die heimenis van strandmeer en liaan ontbeer?)
Die blinde mure
het die tong tot bitter groet gewet,
maar in die klein gevangenis
is daar die geur van lou seë,
'n vars bries en seile wydgespan en groot:

Hier brand
die kleuresplinter van die oerplaneet.

DIE GEWIGOPTELLER

Vir J.

Die taai klou van die grond
vermenigvuldig elke pond,

die ruie vlegsel van die spier
is – triomfantelik! – 'n dier

wat met één kap blitssnel
die swaartepunt verstel.

DIE SEWE VRESE

Die eerste vrees hurk op die kim:
langbaard, boggel, nanagskim;

die tweede vrees lê wyd, is koud:
'n hoogland, maanbeskyn en oud;

die derde vrees laat snak en stik:
die dwaalvrou met haar fletse blik;

die vierde vrees sluip langs die brug:
rivier en wind wat eensaam sug;